26. MAATSKAPPLIKE SAKE
26. SOCIAL AFFAIRS

26.1 RAPPORT DEPUTATE EKOLOGIE (OMGEWINGSAKE) (Artt 190, 258)
26.1 REPORT DEPUTIES ECOLOGY (ENVIRONMENTAL AFFAIRS) (Arts 190, 258)

A. Die voorsitter stel die Rapport.
The chairman tables the Report.
B. **Besluit:** Punt 3.1.4 verwys na ad hoc kommissie 4: Di N Boy (s), GJJ van der Merwe, LSD du Plessis, JP Sithole, LJ Sefadi en dr NR Makungo.
C. **Decision:** Point 3.1.4 referred to ad hoc commission 4: Revs N Boy (s), GJJ van der Merwe, LSD du Plessis, JP Sithole, LJ Sefadi and dr NR Makungo.
D. Ds N Boy rapporteer namens ad hoc kommissie 4.
Rev N Boy reports on behalf of ad hoc commission 4.

E. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag	**1. Mandate**
1.1 Die Beskrywingspunt soos dit voor die Sinode van 2012 gedien het, word gebruik as 'n getuienis van die GKSA in die wêreld.	1.1 The Point of Description, as it was tabled to Synod 2012, serves as testimony of the GKSA to the world.
1.2 Kerke en lidmate word opgeroep om verantwoordelik volgens die Skrif elke dag te getuig vir die bewaring en beskerm van God se skepping.	1.2 Churches and members are called on to responsibly witness every day, in accordance with Scripture, for the conservation and preservation of God's creation.
1.3 Daar weer Deputate aangewys word om 'n meer volledige standpunt oor hierdie saak te ontwikkel wat Skrifgetrou en kontekstueel is.	1.3 Deputies are to be appointed to develop a more comprehensive stance on this matter that is true to Scripture and contextual.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 *Uitvoering van opdrag*	2.1 *Execution of mandate*
2.1.1 Die Deputate het gevoel dat daar eintlik van omgewingssake in plaas van ekologie gepraat behoort te word omdat die getuienis oor veel meer as net ekologie gaan.	2.1.1 The Deputies felt it should rather be called environmental affairs instead of ecology, because the testimony is about much more than just ecology.
2.1.2 Die Beskrywingspunt, onder die opskrif "Getuienis van die GKSA met betrekking tot omgewingssake", is op die Webwerf van die GKSA geplaas met verwysings na verdere studiestukke daarby aangeheg. 'n Berig is op Facebook geplaas met 'n skakel na die Webwerf. Iemand sou dus met gemak die standpunt van die GKSA tov die omgewing kan bereik.	2.1.2 The Point of Description, under the heading "Getuienis van die GKSA met betrekking tot omgewingssake" (Testimony of the GKSA in relation to environmental affairs), was placed on the GKSA website, including references to further reading. A Report was posted on Facebook, with a link to the website. It is thus easy to find the GKSA's stance on the environment.
2.1.3 Die Beskrywingspunt is per e-pos	2.1.3 The Point of Description was circulated

weer aan alle gemeentes gestuur met ‘n versoek dat predikante preke en ander tersaaklike inligting sou stuur met die gedagte om dit in ‘n e-biblioteek beskikbaar te stel. Weinig terugvoer is ontvang en daar is besluit om van die plan af te sien.	via e-mail to all the congregations, with the request that ministers send sermons and other relevant information for general access on the e-library. Little feedback was received and the plan was abandoned.
2.1.4 Die opdrag om om ‘n meer volledige standpunt oor die saak te ontwikkel (kyk 1.3 hierbo) is na die mening van die Deputate ‘n te wye opdrag aan Deputate. Daar bestaan reeds deeglike begronding en die saak word verder by die Teologiese skool hanteer.	2.1.4 The Deputies consider the instruction to develop a more comprehensive stance on the topic (see 1.3 above) too wide a task. A thorough motivation already exists and the matter is taken further at the Theological School.
2.1.5 Die Beskrywingspunt en Deputate-werksaamhede het tot gevolg gehad dat daar ‘n module “Omgewingsetiek” vir vierdejaar teologiese studente aangebied word waarbinne sekere etiese vrae ondersoek word en oordenkings oor die sake geskryf word. Hiermee word gepoog om toekomstige predikante te stimuleer om aan die saak in prediking aandag te gee.	2.1.5 The Point of Description and the Deputies’ activities resulted in the presentation of a module, titled “Environmental Ethics”, to fourth-year theological students that investigates certain ethical questions and commentaries on relevant themes are written. This is an endeavour to inspire future ministers to address the matter in sermons.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.1.5 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.1.5 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decide on**
3.1 *Aanbevelings*	3.1 *Recommendations*
3.1.1 Dat kerke aangespoor word om voortdurend aandag te gee aan ons verantwoordelikheid ten opsigte van die omgewing.	3.1.1 Churches be encouraged to continuously fulfil our responsibility toward the environment;
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.1.2 Dat die bestaan van die Getuienis en die beskikbaarheid daarvan op die webwerf van die GKSA deur die kerke onder die aandag van lidmate gebring word.	3.1.2 Churches bring the testimony and its availability on the GKSA’s website to members’ attention;
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.1.3 Dat die getuienis weer in ‘n persverklaring tydens die Sinode vrygestel word.	3.1.3 The testimony once again be advertised in a press release during the Synod.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.1.4 Dat daar nie weer Deputate aangewys word nie.	3.1.4 Deputies not be appointed again.
Besluit: Afgekeur. Formulering van die opdrag aan die te benoeme Deputate word verwys na ad hoc kommissie 4.	**Decision: Rejected. Formulation of the mandate to the be named Deputies referred to ad hoc commission 4.**

F. **RAPPORT VAN DIE AD HOC KOMMISSIE / REPORT OF THE AD HOC KOMMISSIE**

1. Opdrag	**1. Assignment**
1.1 Formulering van die opdrag aan die te benoeme Deputate.	1.1 Formulate the mandate of the to be named Deputies.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod take note of**
2.1 Dat die aanbevelings (3.1.1–3.1.3) van die Rapport van die Deputate alreeds goedgekeur is.	2.1 That the recommendations (3.1.1–3.1.3) of the Report of the Deputies have already been approved.
2.2 Punt 3.1.4 is na die ad-hoc kommissie 4 verwys met die opdrag soos bo genoem in pt 1.	2.2 Point 3.1.4 was referred to ad hoc commission 4 with the assignment as mentioned in pt 1.
Besluit: Punte 2.1 en 2.2 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 and 2.2 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decide on**
3.1 Dat die te benoeme Deputate in oorleg met die redaksies van die Kerklike Tydskrifte sinvolle artikels oor omgewingsbewaring publiseer. Hierdie artikels kan by wyse van die GKSA-poslys in Engels ook versprei word.	3.1 That the to be named Deputies, along with the editorial desks of the Church Journals, publish sensible articles featuring ecology. These articles can be spread by way of the GKSA-mailing list, even in English.
Besluit: Goedgekeur (wysiging reeds aangebring – Deputate Handelinge).	**Decision: Approved (amendment already added – Deputies Acta).**
3.2 Dat die te benoeme Deputate predikante aanspoor om oor hierdie saak (omgewingsbewaring) te preek en hulle gemeentes aan te spoor om hul roeping rondom hierdie saak uit te leef.	3.2 That the to be named Deputies encourage ministers to preach on this matter (ecology) and to encourage their congregations to live their calling in this regard.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.3 Dat die Deputate praktiese planne (werksdokumente) op die tafel plaas oor hoe ons die skepping moet oppas bv deur middel van herwinning (bewaring van die omgewing).	3.3 That the Deputies put practical plans (working documents) on the table on how we must care for creation. E.g. by way of recycling (caring for the environment).
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.4 Dat die te benoeme Deputate kontak maak met die Deputate Christelike Onderwys en Deputate Jeug oor wyses waarop die jeug oor hierdie saak ingelig en opgevoed kan word.	3.4 That the to be named Deputies contact the Deputies Christian Education and Deputies Youth to find ways in which the youth can be informed and educated on this matter.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.5 Dat die te benoeme Deputate met die Deputate Ekumeniese Sake (Binnelands) skakel om te bepaal op welke wyse daar met ander kerke (bv NGK, NHK e.a.) saamgewerk kan word om ons gemeentes op hul plaaslike roeping te wys.	3.5 That the to be named Deputies contact Deputies Ecumenical Inland to find out in which way there can be cooperation with other churches (e.g. NGK, NHK, ea.) to point our congregations to their local calling.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.6 Dat die te benoeme Deputate met Nasionale Omgewingsbewarings-organisasies skakel om te bepaal op	3.6 That the to be named Deputies contact National Ecological- and Conservation-organisations to investigate in what way

welke wyse die probleme aangespreek kan word. Hierdie bevindinge moet aan die kerkverband gekommunikeer word.	the problems can be addressed. These findings must be communicated to the church.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
3.7 Dat die naam van die Deputaatgroep verander na Deputate vir die omgewing.	3.7 That the name of the Deputies change to “Deputies for the environment”.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**